Kuns en vermaak

Sluit aan by ons blad op Fa
saam. Die webadres is
http://companies.to/beeld-die

kuns@beeld.com ☎ 011 713 9284

Amerikaners kom sing in 'Carmen'

Bizet-opera eersdaags in Pretoria en Johannesburg

Thys Odendaal

Twee Amerikaanse sangers wat groot opgang maak in operahuise in die VSA en Europa – die sopraan Cristina Nassif en die tenoor Noah Stewart – is deur Opera Africa genooi om die hoofrolle te sing in sy voorstelling van Bizet se *Carmen* in Pretoria en Johannesburg volgende maand.

Die "tradisionele produksie", wat deur nog 'n Amerikaner, Timothy Myers, gedirigeer word, is van 18 tot 26 Maart in die Opera van die Staatsteater op die planke en van 1 tot 10 April in The Mandela van die Joburg-teatersentrum in Braamfontein.

Dié gewildste Bizet-opera is al voorheen deur Opera Africa opgevoer, geplaas in 'n township met die mezzosopraan Sibongile Khumalo in die naamrol. Dit is in die Playhouse aangebied toe Opera Africa in Durban gevestig was en ook in die Pro Musica-teater in Roodepoort.

Cristina Nassif: Carmen



Noah Stewart: Don José

Kelebogile Boikanyo: Micaela

Suid-Afrikaanse sangers is opgeneem in die res van die rolbesetting.

Die ander twee hoofrolle word gesing deur die sopraan Kelebogile Boikanyo as Micaela en die bariton Ntsikeleko Mali as die stiervegter Escamillo. Die ander sang-soliste is Rouel Beukes (Zuniga), Aubrey Lodewyk (Dancaïro), Teresa de Wit (Mercédés), Friedel Mitas (Frasquita), Phenye Modiane (Remendado) en Joey Masemola (Morales).

Die twee kore wat optree – die Opera Africa-operakoor en die Jakaranda-kinderkoor – word afgerig deur Hein de Villiers. Myers dirigeer die Johannesburg Philharmonic.

Die regisseur van die nuwe produksie is James Marvel, die dekor- en kostuumontwerper is Steven Capone en die beligtingsontwerp is deur Simon King.

Nassif, het die *Washington Post* geskryf, is vinnig besig om haar te vestig as een van die voorste singende aktrises.

Benewens Carmen het sy reeds 'n indrukwekkende repertorium, waaronder Donna Elvira (*Giovanni*), Nedda (*Pagliacci*), Musetta (*Bohème*) en Rosina in *Il barbiere di Siviglia*.

Stewart sing van vroeë opera tot die eietydse. Hy is deur die befaamde sopraan Leontyne Price aangemoedig om sang aan die Juilliard-musiekskool in New York te studeeer en hy het sedertdien reeds in talle Amerikaanse operahuise sy stempel afgedruk. Hy was voorheen Don José, maar in Peter Brook se verkorte *La tragédie de Carmen*.

Die besprekings vir *Carmen* het reeds by Computicket geopen.

Navrae: ☎ 011 883 4189